*Ons gee God se Hoop en liefde aan*

# Diensnuus







**09:30 Erediens / Kategese**
**09:00 Botrivier Erediens**
**09:00 Solitaire Erediens – Ds. Willem Lubbe**

## 01 ALGEMENE INLIGTING:

**Woord & Gebedsbediening:**

***Gebedskamer:*** Ons nooi jou uit om saam met ons te kom bid elke Donderdagoggend 05:00

*As jy 'n **daaglikse skrifgedeelte** en **gebed** wil ontvang: WhatsApp jou naam na 0834142413*

SnapScan is beskikbaar by deure, of volg die skakel. Dankie
https://pos.snapscan.io/qr/PXA0221

## ONS BID VIR :

Elmarie Lahoud

***Troos***: Ons dink aan die de Kock familie met die afsterwe van oom Jannie de Kock.

***Troos***: Ons dink aan die van Niekerk familie en vriende met die afsterwe van tannie Helene van Niekerk.

## 02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

PJ de Kock
Riëtte Steyn
Johlene Norval
Stoffel Niemand

## 03 Dankoffer Koeverte:

By die deure beskikbaar, neem gerus.

Dankie


## 04 Waardeperiode:

*Ons gemeente is by die geleentheid betrokke, daarom deel ons die versoek van die Waardeperiodespan met julle:*

Liewe Klein Ovies Ouers
Ons **nooi graag ouers** uit om tydens ons **Waarde-periode** hul **geloof** en **waardes** met ons leerders te kom deel. Indien u belangstel om betrokke te raak en u getuienis of ervaring met die kinders te deel, is u meer as welkom om my te kontak.
Dit sal vir ons leerders 'n besondere voorreg wees om van julle te leer.

Baie dankie vir julle voortdurende ondersteuning.

Kontak gerus vir Dewald of juffrou Elmarie



## 05 DANKOFFER SONDAG: 1 Februarie

**Benodighede: nie bederfbare produkte.**
Kos kan by mandjies by deure geplaas word in kerk.
Hierdie produkte word gebruik vir die kospakkiediens.

Baie dankie

## 06 Heidehof-besoekspan:

Ons het die voorreg om 'n pragtige Ouetehuis in ons gemeente te bedien.
Ons nooi jou om deel te word van 'n groep waar elkeen tussen 1 en 5 geliefdes in Heidehof kry om te besoek.
Dit is 'n voorreg om so bietjie ekstra tyd by ons geliefdes in Heidehof te spandeer.
Kontak gerus die kantoor of vir Dewald vir meer inligting.

## 07 DIENSBEURT:

**25 Januarie**
Wyk 4

*Baie dankie*

**1 Februarie**
Wyk 5

## My Here vorm my in 2026:

Dis ‘n voorreg om 2026 saam met mekaar in te stap.  As kinders van God is ons in Sy diens en vorm ons ‘n gemeente van hoop en liefde.  Ons plaas ons saamwees op die manier in n sekere raamwerk – binne God se diens, tot Sy eer, in liefde vir God en my naaste.  Prof. Stephan Joubert se onderstaande skrywe help my om ook te besef hoe God dan met my werk. Dit is ‘n tree verwyderd van sienings van groot sonde wat eers gedoen en gebreek moet word voor God kan begin.  Lees gerus en dink aan jou diens tot ons Koning in Caledon.  Dink hoe God tans in jou lewe vorm.

***Moet God my eers breek voordat Hy my vorm?***

*’n Bekende oorsese prediker sê iewers God kan niemand op groot maniere gebruik totdat Hy hulle nie diep gebreek het nie. Toe ek dit hoor, skrik ek. Ernstig?* ***Om iets te breek****, is om dit te beskadig. Toe wonder ek - moet God my dan nou eers van ’n kant af verrineweer voordat Hy enigiets met my kan regkry?*


*Ek doen tog nie sulke dinge met ander mense om hul karakter te probeer vorm nie. Ek laat nie my kinders in die reën slaap om sekere lesse aan hulle oor te dra, of om hulle te slyp nie.*

*God doen dit ook nie. Hy beskadig nie sy kinders wanneer Hy ons tot sy beeld vorm nie.*

*Wat dan van swaarkry en teenslae? Wel, moeilikheid tref ons almal een of ander tyd. God veroorsaak dit nie om sekere lesse aan ons te leer nie. In tye van swaarky word ons volharding en vasbyt getoets, maar in sulke tye is die Heilige Gees steeds is ons Onderwyser. Hy vorm ons karakter. Hy leer ons wat is die waarheid, en Hy lei ons hierin. Hy lei ons te midde van groen weivelde en diep donker dale. Hy vorm en hervorm ons altyd van binne-af tot God se eer.*

Met die manier van dink kan ons dus ook ons kruis optel en Jesus volg, Hy vorm ons karakters.  Wanneer dit swaar gaan by die werk, skool, ouetehuis kan ons weer sê: U laat alles ten goede meewerk…Vorm my Here!

*Groete uit Crassulastraat- Pastorie*



# Preeknotas: 25 Januarie 2026

## Teks: Ps.119: 49-59 & 105

## Tema: Woord van Hoop

Die Psalm is lank en dit vertel van God se Woord en Wet en hoe ons dit moet laat deel word van ons lewens. Dit is die langste Psalm in die Bybel, ook die langste hoofstuk in die Bybel, en dit is 'n gebed, waarin die persoon wat dit bid sê dat hy of sy aan die Here se bevele gehoorsaam wil wees. Maar meer as dit dat hy of sy die bevele gaan uitvoer..

Kan jy dink aan bevele van God wat jy moet uitvoer die jaar?(Skryf opdragte van God vir jouself neer)

Vers 49 begin met 'n vraag aan die Here – Onthou tog U woord aan my, die woord waarop U my laat hoop het.

Skryf neer waarop jy hoop die jaar:

Waar ontvang jy troos? (vers 50)

Hoe onderhou jy God se wet? (Sy bepalings vir jou)

Vers 59 sê die digter dat hy die koers van sy lewe oordink het, en hy het teruggekeer na God.

Neem tyd om jou lewenskoers te oordink….

Die digter gebruik die 22 letters van die Hebreeuse alfabet om die lang Psalm te orden. Elk van die 22 strofes begin met die volgende letter van die Hebreeuse alfabet. Hy moes gaan sit en dink en skryf en tyd spandeer om te skryf. Hoe spandeer jy tyd by God deur die elke dagse geleenthede raak te sien?

## VERJAARSDAE:

| Noemnaam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Jacques | Marais | 01/23 |
| Liam | Moolman | 01/23 |
| Elzabe | Prinsloo | 01/23 |
| Aletta | Engelke | 01/24 |
| Lana | Fick | 01/24 |
| Jacobus | Kellerman | 01/24 |
| Buks | Lourens | 01/24 |
| Morné | Nel | 01/24 |
| Jacques | Steenkamp | 01/24 |
| Jac | Stofberg | 01/24 |
| Elandri | Hoffman | 01/25 |
| Marita | Matthee | 01/25 |
| Stefan | Lubbe | 01/26 |
| Yvonne | Pretorius | 01/26 |
| Elma | Rademeyer | 01/26 |
| Johan | Viljoen | 01/26 |
| Bennie | Griessel | 01/27 |
| Wessel | Havenga | 01/28 |
| Heidi | Rust | 01/28 |
| Johan | Solomon | 01/28 |
| Sanet | Van der Walt | 01/28 |
| Nicky | Van Zyl | 01/28 |
| Mariaan | Coetzee | 01/29 |
| Herman | De Kock | 01/29 |
| Ivan | Schwartz | 01/29 |
| Willem | Van Der Merwe | 01/29 |
| Ruben | Badenhorst | 01/30 |
| Henry | Franken | 01/30 |
| Jané | Human | 01/30 |
| Mika | Malherbe | 01/30 |
| Charles | Muller | 01/30 |
| Petrus | Otto | 01/30 |
| Jacques | Schönfeldt | 01/30 |
| Weandri | Visagie | 01/30 |
| Anja | Swart | 01/31 |
| Zak | Viljoen | 01/31 |
| Elanza | Du Toit | 02/01 |
| Liza | Fourie | 02/01 |
| Corné | Le Roux | 02/01 |
| Arno | Swart | 02/01 |
| Christal | Swart | 02/01 |

## Musiekbediening:

🎶 Hou jy **van sing of musiek** maak? 🎶
Ons soek kinders en volwassenes wat graag by ons musiekbediening wil **betrokke raak**. Of jy nou sing of 'n instrument speel – almal is welkom!
Kontak gerus die kerkkantoor of Wessel Swart.

Daar word beplan om 'n klavierstemmer te laat uitkom, maar dit is slegs kostedoeltreffend indien daar **4 of meer klaviere** is wat gestem moet word. Indien jy belangstel om jou klavier te laat stem, laat ons asseblief weet. Die **geskatte koste is minimum R1500 per klavier**.
Sodra daar genoeg belangstelling is, sal verdere reëlings en datums deurgegee word.

**Laat weet asb kerkkantoor**. Baie dankie

## Kinderfokus:

Dis 'n voorreg om tot diens van ons kinders te wees tydens die eredienste.

Ons het 4 Kinderfokusgroepe wat om die beurt die week se kinderfokus voorberei.

Ons nooi graag ouers wat wil betrokke raak uit om ons te kontak via die kerkkantoor of om vir Dewald te laat weet. Dit sal heerlik wees om jou deel van die span te kan hê.